**DAAR IS TERAPIE IN DIE HERSTEL VAN SKOENE**

Die handsak lyk nog mooi. Maar die draband is stukkend.

“Kan meneer dit herstel, asseblief? ” Haar oë is hoopvol.

“Ek twyfel. Maar los dit hier. Sal kyk wat ek kan doen.”

Bostaande som die verhaal van Jaco Smit van Du Toit Skoenwinkel op. Hy herstel nie net skoene of handsakke nie. Hy help mense.

Du Toit Skoenwinkel is in Borcherd-straat geleë. Dis selde stil aan die klante-kant van die toonbank. Een na die ander kom hulle om iets te laat regmaak. En anders as ander goed wat breek, word hier items herstel wat ‘n persoonlike reis met die eienaar deel en sentimentele waarde het.

Jaco maak reg wat kosbaar is.

Hy vertel: “Mnr WC du Toit (bekend as Ketting du Toit) het ‘n skoenherstelwinkel onder sy eie naam in 1926 in Ryneveld-straat geopen. Die besigheid verskuif later na Andringa-straat en in 1947 terug na Ryneveldstraat waar Du Toit intussen ‘n gebou opgerig het.”

Die besigheid se naam verander van WC du Toit na Du Toit Skoenwinkel ná Mnr du Toit se afsterwe.

Jaco begin in 1963 daar werk en koop die besigheid in 1978 by WC du Toit se seun, André, wat toe die eienaar was. Hy dryf vir 20 jaar handel en tree in 1998 af, net om die besigheid twee jaar later weer te heropen. “Mens kan nie sit en niks doen nie,” sê hy.

Jaco onthou met waardering sy klante van weleer – Dr Anton Rupert, Dr Danie Craven, Willem Botha, Prof AB van der Merwe, Prof AB de Villiers… Die name hou net aan.

Ook is daar nie ‘n einde aan destydse besighede wat saam met hom sake gedoen het nie: De Wet Broers, Stellenbosch Verbruikers, Karel Berg, Pikkie Blommaert, Eike Kafee, die Plaza en Gaiety rolprentteaters, die Drostdy en Coetzenburg hotelle.

En dan verstaan ‘n mens wie Jaco Smit is. Sy respek vir sy klante en sy trotse deel wees van die geskiedenis van Stellenbosch, is dit wat sy besigheid bemind gemaak het.

Soek ‘n mens op die Internet na Du Toit Skoenwinkel, dan bevestig die soekresultate die diens-georiënteerdheid van die besigheid.

Ene “Slingslot” adviseer: “There's a shoe store close to ABSA in that one-way street, think it is called Lubbe or Du Toit Skoenwinkel or something. They used to do shoe repairs when I stayed in Stellenbosch donkey years back and they were as much part of Stellenbosch as Oom Samie se Winkel and De Akker. Check in the phonebook for Lubbe or Du Toit.”

En “Adagio” verklaar: “Then I can use the sail as material to have my Sail Bag custom-tailored at Stellenbosch's famous Du Toit Skoen Winkel.”


Jaco Smit van Du Toit Skoenwinkel

Die onderhoud met Jaco om hierdie artikel te skryf duur langer. Klante onderbreek ons voortdurend met iets wat herstel moet word. En die geselsies met hulle is meer as net praatjies maak – dit word terapie wat vir beide die klant en vir Jaco goed is.

“Kan meneer dit herstel, asseblief?” Haar oë was hoopvol.

Die effense glimlag om Jaco se mondhoeke was genoeg om te weet dat dit gedoen sal word.

(Geskryf deur Johan du Preez, Augustus 2014)